Die invloed van tegnologie op die verspreiding van musiek*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 KUNS EN KULTUUR

2 Graad 9

3 UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

4 Module 5

5 DIE INVLOED VAN TEGNOLOGIE OP DIE VERSPREIDING VAN MUSIEK

MUSIEK

Aktiwiteit 1

Om te kan verduidelik hoe tegnologie musiek t.o.v. verspreiding beïnvloed het?

[lu 4.3]

- Stel die volgende prentjie aan jouself voor terwyl jy na *Eine Kleine Nachtmusik* luister: Dit is die 18de eeu in Europa. Die wonderkind, Mozart (13), se musiek maak opslae. Hy komponeer musiek en tree self ook op. Sou jy na sy musiek kon luister? Indien wel, hoe sou dit moontlik wees?

- Vergelyk dit met vandag. Noem die tegnologiese uitvindings wat dit moontlik maak om vandag na enige musiek te luister.

Hoe is musiek sedert die begin van die 20ste eeu versprei?

- Bladmusiek
- Langspeelplaat
- kassetbandjie
- Video
- MP 3
- Solus Sewe
- CD

Hoe het tegnologie musiek t.o.v. instrumente beïnvloed?

*Version 1.1: Jun 16, 2009 4:23 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

- Sedert die ontstaan van die heel eerste musiekinstrument, is daar ‘n belangrike skakel tussen musiek en tegnologie. Luister na die volgende drie gedeeltes om die verskil in klank te ervaar:

- Klavesimbel-musiek uit die 17de eeu (Barokperiode) van JS BACH
- Klavier-musiek van F CHOPIN

Die klavier ontwikkel uit die klavesimbel en bereik sy hoogtepunt in die Romantiese periode (1800 -1900). Een van die belangrikste tegnologiese ontwikkelinge t.o.v. die klavier is dat die instrument crescendo en diminuendo kan produseer (geleidelik harder en sagter), asook die ontwikkeling van die pedaal wat dit moontlik maak om klanke te verbind.

- *Poème Électronique* van Edgar Varèse

Sedert 1950 is dit elektroniese instrumente, veral instrumente met versterkte klank soos bv. die elektriese ghitaar en elektriese klavier wat op die voorgrond tree. Met die ontwikkeling van elektroniese- en rekenaartegnologie, stel dit die komponis in staat om beide komponis, sowel as uitvoerder te wees. Opnames word gemaak in studio’s wat toegerus is met o.a. bandmasjiene, sintetiseerders, rekenaars en toestelle om klank te meng en te filtreer. Dit stel die komponis in staat om ’n geweldige breë spektrum van klank te ontgin.

- Kan jy die volgende herken?

Klokke
Sirenes
Stilte
Masjiengeluide
Stemme
Dieregeluide
Elektroniese klanke
Aktiwiteit 2 (groep)
Om die volgende aanhaling te kan debatteer

“Tegnologie is die kuns om die wêreld so te rangskik dat ons dit nie beleef nie”

– Max Frisch

Figure 1

- Een van die mees eksperimentele klassieke komponiste van die 20 ste eeu is gewis John Cage. Sy bekendste (of is dit dalk befaamste?) komposisie is *4’ 33”*. (1952).

Kom ons voer hierdie werk uit!

- Een leerder hanteer die bandmasjien.

- Een leerder neem die tyd op – die opname moet presies 4'33" wees.
- Een leerder gaan stelling inneem voor 'n instrument (byvoorbeeld 'n klavier) sonder om te speel! Die persoon is die uitvoerder.
- Die res van die klas is die gehoor wat luister!
- Die onderwyseres is die dirigent en dui aan presies wanneer die opname begin en eindig.

Goed: 1.....2.....3.....begin!

1 sekonde, 2 sekondes ....4 minute 30 sekondes, 4 minute 31 sekondes,4minute 32 sekondes, 4minute 33 sekondes STOP!

Luister nou na die opname!

Geen musiek? Slegs geluide!

Wat is die doel van hierdie komposisie?

Volgens die komponis probeer hy om komposisiemiddele so te rangskik dat hy nie 'n idee het van wat gaan gebeur nie! Sy doel is om die doel uit te skakel. En die doel van hierdie doellose musiek word bereik as mense leer om te luister – ook na alledaagse geluide! Hierdie tipe musiek bevorder die kommunikasie tussen die komponis en die luisteraar.

Aktiwiteit 3 (Groep en individueel)



Figure 2

- Verdeel in groepe. Bestudeer die illustrasie, luister na die opname en bespreek en beantwoord die vrae:

- Wat word hierdie tipe dans genoem?

- Wat noem ons die skrif teen die agtergrond?

- In watter omgewing, dink jy, sou jy hierdie prent vind?

- Watter tipe sang gaan hiermee gepaard?

- Beskryf die sang.

- Wie doen die begeleiding?

- Hoe doen hy die begeleiding?

- Watter tipe tegnieke gebruik hy?

continued on next page

• Watter tegnieke word in klassieke musiek gebruik (noem twee)
• Hoekom sou jy hierdie tipe begeleiding as “tegnologie” beskou?

Table 1

• Watter boodskap dra die lirieke oor?
• Sou jy dit as positief beskou?
• Is daar enige patroon ten opsigte van rym?
• Watter musikale element sou jy as die belangrikste beskou (harmonie, melodie, ritme, ens)?
• Wat is die vormstruktuur in hierdie lied?
• Noem twee vormstrukture wat kenmerkend van klassieke musiek is.
continued on next page

• Wat word die Suid-Afrikaanse eweknie genoem?

Table 2

- Doen navorsing oor Hip-Hop, Rap en Kwaito m.b.v. die internet, tydskrifte, video's, resensies in koerante, ens. en voltooi dan die vrae waaroor jy onseker was.

- Lees die volgende gedeeltes uit verskillende "Rap"-liedere. Sê dit ritmies:



Figure 3

1. Kies 'n **onderwerp** waarvan jy genoeg weet (of lees na oor die onderwerp). Jou benadering moet positief wees en jy kan positiewe kommentaar op maatskaplike probleme lewer – altyd 'n positiewe boodskap. Moontlike onderwerpe: VIGS-Rap (VIGS-positief, m.a.w. 'n positiewe benadering tot VIGS), Drank-en-"Drug"-vrye Rap, Respek vir ander, ens.
2. Vertel jou **storie in rym**. Die eerste lyn moet 'n sterk ritme hê en die tweede moet daarmee rym – dit moet dieselfde ritme hê.

Herhaal ritmepatrone. Party lyne kan lank wees, ander weer kort.

Rym dus in koeplette (twee-twee)

Refrein: Dit is 'n groep reëls wat dieselfde bly.

Sterk klanke om te gebruik: BR, DR, KR, PR, SL, ST, STR, TR

1. Nou is dit tyd vir HIP-HOP! (OF KWAITO)

Gebruik die kletsrym (rap) wat geskryf is en voeg die res by wat benodig word vir Hip-Hop!

Julle kan in groepe werk: een leerder kan briekdans, een (of meer) kan die DJ wees, een moet rymklets en die res van die groep kan ‘n plakkaat met die titel in graffiti ontwerp.

Julle kan ‘n “live “ optrede voor die klas hou of dit op video opneem.

Maak gebruik van verbeelding asook alle moontlike tegnologie tot julle beskikking! (Liggaamsperkussie en klanke kan ook gebruik word.) Onthou daar is nie reëls nie!

VOORBEELDE: Slimskud – Azanian

Brasse van die Kaap

Will Smith

ONTHOU: Jy kan net Rap oor ‘n onderwerp waarvan jy genoeg weet!

6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
uitdrukking en kommunikasieDie leerder is in staat om te analiseer en ‘n verskeidenheid vorme van kommunikasie en uitdrukking in Kuns en Kultuur te gebruik.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
4.3 kan verduidelik hoe tegnologie deur die jare musiek beïnvloed het;

Table 3